Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**May Davids**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
May.Davids@westerncape.gov.za | 021 467 2365

Lêerno.: 3/3/3/9
Verwysing: 20230417-3482

Strategiese Mensbestuursminuut: 0007/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Verskaffingskettingbestuurpersoneel, Finansiespersoneel, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Prinsipale en Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Bekendmaking van aangewese werknemers se finansiële belange en die beskikbaarheid van die eDisclosure-stelsel op die internet**

1. Die Staatsdiensregulasies (SDR), 2016, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 40167 van 29 Julie 2016, bemagtig die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSA) om werknemers van ander kategorieë aan te wys om hul finansiële belange te openbaar. Die MSA het verder die gesag om die vorm, datum en finansiële belange wat geopenbaar moet word, te bepaal.

2. **Omvang van werknemers wat geraak word**

2.1 Voor Maart 2017 is slegs lede van die senior bestuursdiens (SBD) aangewys om hul finansiële belange te openbaar. Op 16 Maart 2017 het die MSA werknemers van ander kategorieë, soos hieronder geïdentifiseer, aangewys om hul finansiële belange te openbaar (MSA-bepaling is aangeheg):
   (a) ŉ Werknemer wat die ekwivalent van salarisvlak 13 en hoër deur ŉ beroepspesifieke bedeling (BSB) verdien.
   (b) ŉ Werknemer wat op salarisvlak 11 en 12 aangestel is, asook werknemers wat die ekwivalent van salarisvlakke 11 en 12 deur ŉ BSB verdien.
   (c) ŉ Werknemer wat op salarisvlak 9 en 10 aangestel is, asook werknemers wat die ekwivalent van salarisvlakke 9 en 10 deur ŉ BSB verdien.
   (d) ŉ Werknemer wat in ŉ verskaffingskettingbestuurseenheid (VKB) in diens is, ongeag hul salarisvlak.
   (e) ŉ Werknemer wat in ŉ finansiële eenheid in diens is, ongeag hul salarisvlak.

2.2 Paragraaf 4.1 (Omvang van toepassing) van die MSA-bepaling verklaar dat hierdie bepaling op alle departemente en sy werknemers van toepassing is wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994) aangestel is. Opvoeders is ook hierby ingesluit.

3. Aangewese werknemers moet hul belange openbaar om:

- deursigtigheid te verseker;
- aanspreeklikheid te verseker;
- die botsing van belange tussen hul amptelike pligte en hul privaat finansiële belange te bestuur; en
- etiek en integriteit te bevorder en korrupsie in die staatsdiens te bestry.

4. Tydperke vir openbaarmaking is soos volg:

Verwagte registrasie en finansiële openbaarmaking in 2023:

| **Kategorieë van aangewese werknemers** | **Sperdatums vir openbaarmaking** |
|---|---|
| Werknemers wat in die SBS aangestel is | 01 April 2023 tot 30 April 2023 |
| BSB, vlak 13 en hoër | 01 Junie 2023 tot 31 Julie 2023 |
| Middelbestuurdiens, vlak 11 en 12 | 01 Junie 2023 tot 31 Julie 2023 |
| BSB, vlak 11 en 12 | 01 Junie 2023 tot 31 Julie 2023 |
| Etiekbeamptes/administratiewe amptenare van die WKOD en amptenare van die staatsdienskommissie | 01 Junie 2023 tot 31 Julie 2023 |
| Werknemers van VKB/die Finansies-eenheid onder vlak 9 | 01 Junie 2023 tot 31 Julie 2023 |
| Nuut aangestelde werknemers | tot 30 dae na diensaanvaarding |

Verwagte registrasie en finansiële openbaarmaking in 2024:

| **Kategorieë van aangewese werknemers** | **Sperdatums vir openbaarmaking** |
|---|---|
| Assistentdirekteure, vlak 9 en 10 | 01 Junie 2024 tot 30 Julie 2024 |
| BSB-werknemers gelykstaande aan vlak 9 en 10 | 01 Junie 2024 tot 30 Julie 2024 |

5. 'n Nuut aangestelde aangewese werknemer wat nog nie op die eDisclosure-stelsel geregistreer is nie, moet die registrasie volgens die aangehegte bondige gids invul. Die eDisclosure-stelsel is oop vir aangewese werknemers om daarop te registreer.

6. Aangewese werknemers (behalwe vir die Hoof van die Departement (HvD)) moet hul finansiële belange aan die HvD openbaar.

7. Ingevolge paragraaf 11 (nienakoming en verslagdoening) van die MSA-bepaling, is dit verpligtend om die finansiële openbaarmaking te voltooi.

8. Vir maklike verwysing is 'n bondige gids aangeheg oor hoe om finansiële belange, soos hieronder gelys, op die eDisclosure-stelsel te registreer en openbaar te maak:

- Aandele of enige ander vorm van ekwiteit in 'n geregistreerde privaat of openbare maatskappy of enige ander korporatiewe entiteit wat deur die wet erken word.
- Leningsrekeninge (verband-, voertuigfinansiering- en kleinhandelsrekeninge uitgesluit).
- Inkomstegenererende bates.
- Trusts.
- Direkteurskappe en vennootskappe.
- Konsultasiediens en retensiegeld.
- Borgskappe.
- Geskenke en gasvryheid van 'n bron wat nie 'n familielid is nie.
- Eienaarskap en ander belange in roerende eiendom.
- Voertuie.
- Enige ander finansiële belange.
- Ander besoldigde werk buite die werknemer se departement.

9. *Die Wes-Kaapse Regering se Beleid oor Besoldigde Werk buite die Staatsdiens* (RWOPS), wat vanaf 01 September 2012 geïmplementeer is, reguleer die verrigting van besoldigde werk deur werknemers buite die staatsdiens en is by hierdie minuut aangeheg. Paragraaf 13(c) van Deel 1, Hoofstuk 2 van die SDR van 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer:
*"nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is"*. Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is.

10. Vir enige navrae, kontak gerus die volgende etiekbeamptes:

| Naam | E-posadres | Tel. |
|---|---|---|
| Yusuf Ismail | Yusuf.Ismail@westerncape.gov.za | 021 467 2601 |
| Mikhail Jackson | Mikhail.Jackson@westerncape.gov.za | 021 467 2469 |
| Akhona Mfazwe | Akhona.Mfazwe@westerncape.gov.za | 021 467 2618 |
| Patricia de Bruin | Patricia.deBruin@westerncape.gov.za | 021 467 2615 |
| Yolisa Zwane | Yolisa.Zwane@westerncape.gov.za | 021 467 2612 |
| Mark van der Vendt | Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za | 021 467 2509 |
| May Davids | May.Davids@westerncape.gov.za | 021 467 2365 |

11. Die eDisclosure-stelsel is op die internet beskikbaar, en kan via die volgende URL verkry word: www.edisclosure.gov.za. Aangewese werknemers kan slimfone en tablette gebruik om hul finansiële belange aanlyn te registreer en bekend te maak.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike werknemers.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-04-21